St Paulus Preprimêre en Primêre Skool
NUUSBRIEF

Mev M. Gorst-Allman

www.saschools.co.za/stpaulus

Nr. 19

(012) 804-9670
(012) 804-5039

23 Julie 2010

Beste Ouers

OUER-AANDE

Dankie aan die ouers wat die koue getrotseer het om een van hierdie aande by te woon, en veral dié wat gebly het om die demonstrasies van die nuwe tegnologie in ons klaskamers by te woon. Soos u sou opmerk is ons interaktiewe borde ongelooflik veelsydig en die moontlikhede vir opvoeding en leer is onbeperk. Dit is verblydend om te sien met hoeveel entoesiasme die leerkragte gereageer het op die uitdagings wat die volle gebruik van hierdie toerusting bied, wat so 'n positiewe impak op die onderwys- en leerprosesse sal hê.
In die Intersenfase het ons die onderhoude hierdie keer anders gestruktureer. In plaas daarvan om individuele afsprake met elke graadonderwyseres te maak, het ons een afspraak per ouer met 'n paneel van drie onderwyseresse gemaak. Dit is gedoen om ouers se wagtyd, veral in die koue weer, te verminder, en om herhaling te voorkom. U terugvoer oor u voorkeure (een onderwyseres, of 'n paneel van drie graadonderwyseresse) sal verwelkom word. U insette sal toekomstige besluite rondom Ouer-aande beïnvloed.

OUMA EN OUPADAG

Hierdie spesiale geleentheid vind al vroeg hierdie jaar plaas. Ons Graad Een – Drie leerlinge oefen alreeds om hulle grootouers te kan vermaak. Nooi asseblief al ons Oumas en Oupas om volgende Vrydag 10:00 die Konsert by te woon en saam met ons 'n koppie tee te drink.



U is welkom om u kind/kleinkind direk daarna huistoe te vat. Die leerlinge wat nie vroeg kan huistoe gaan nie sal saam met hulle onderwyseresse teruggaan klas toe.

INTERSENFASE REVUE – RUK-EN-ROL DEUR DIE DEKADES

Al ons Graad 4 – 7 leerlinge sal aan ons Intersenfase Revue, geskeduleer vir 19 en 20 Augustus, deelneem. Om in 'n skoolopvoering te wees is 'n integrale deel van 'n kind se opvoeding aangesien dit hulle baie geleenthede bied om noodsaaklike lewensvaardig-hede aan te leer, en die opwinding om op 'n verhoog te wees is vir baie 'n spesiale herinnering wat hulle vir altyd met hulle sal saamdra. Kaartjies sal binnekort te koop wees.

ST PAULUS MUSIEK-AKADEMIE

Altus Muller, wat gedurende die afgelope jaar privaat klavierlesse by St Paulus aangebied het, het die verantwoordelikheid vir die bedryf van ons Musiek-Akademie oorgeneem. Hy kan ons van goed gekwalifiseerde leerkragte voorsien vir stem-opleiding, kitaar, fluit, klavier en blokfluit. Die bestek waaruit hulle kan kies is: 'rock', pop, jazz of klassiek, of 'n kombinasie daarvan. Teorie word ook by die lesse ingesluit. Kontak asseblief die Kantoor vir 'n aansoekvorm, of e-pos Altus by: stpaulusmusicacademy@gmail.com.

WETENSKAP EKSPO

Al ons projekte en eksperimente sal op Maandag, 26 Julie vanaf 13:00 in die Skoolsaal uitgestal word. Ons nooi u uit om deur die loop van die middag 'n tydjie daar deur te bring.

SNOEPIE-NUUS – Dr Paula Volschenk

Ons primêre bekommernis is die gesondheid en welsyn van ons kinders en hulle vermoë om in die klas te kan konsentreer. Ons het 'n aantal kinders wat met AAHS (Aandag-Afleibaarheid Hiperaktiwiteit Sindroom) en AAS (Aandag-afleibaarheid Sindroom) gediagnoseer is. Studies dui daarop dat kunsmatige voedsel kleurstowwe en preserveermiddels (veral bensoate) die konsentrasievlakke van kinders wat hieraan ly, kan benadeel, veral op Primêre Skoolvlak. Die sulfiete en sulfate-groep preserveermiddels kan ook bydra tot asma-aanvalle in beide kinders en volwassenes. Die vermindering van preserveermiddels en kleurmiddels in kinders se daaglikse dieët is tot almal se voordeel. Dit is hoekom ons streef daarna om sover moontlik, veral in die loop van die skooldag, ons Snoepie kleurmiddel en preserveermiddel-vry te hou.

Dr Volschenk het ons bygestaan met die opstel van lyste van geskikte items. Sy hou gereeld inspeksie en maak aanbevelings. Ek wil haar graag bedank vir hierdie waardevolle diens om die leerproses te bevorder en 'n gesonde leefwyse vir ons kinders te bewerkstellig.

Mag u 'n ontspanne naweek saam met u kinders hê.

WAT VOORLÊ

Vrydag, 23 Julie
Begin-van-die-Kwartaal Mis
Gr. 7 Voetslaan
Krieket: O/11 Dag/Aand teen Anton van Wouw
Maandag, 26 Julie
Wetenskap Ekspo
Tennis – Seuns D5 teen Du Preez van Wyk by St Paulus, Meisies teen Tygerpoort by Tygerpoort
EHK Ouervergadering om 18:30
Dinsdag, 27 Julie
Krieket teen Du Preez van Wyk
O/13 A - Weg
O/12 A - Tuis
Woensdag, 28 Julie
Krieket teen Du Preez van Wyk
O/9 A – Weg
O/13 B teen Elarduspark - Tuis
Donderdag, 29 Julie
Krieket teen Lynnwood Ridge
O/11 A – Tuis
O/10 A – Weg
Vrydag, 30 Julie
Ouma en Oupadag
Saterdag, 31 Julie
Hokkieliga by Rietondale
Mini-Sokker by Hatfield CS
Mini Hockey at Rietondale: Girls U/7 – U/10

A Dog Called Faith

This two-legged dog is called Faith, and was born on the eve of Christmas in 2002. She could only crawl on the ground when she was born.
Faith had fully-developed hind legs, but she had only a single, deformed front leg which was amputated for medical reasons when she was seven months old. The Stringfellow family adopted her and named her "Faith", to bless her with hope and determination.
They first put Faith on a roller board to let her experience the sensation of movement. Then they started to tempt her to stand up and leap by using a spoon of peanut butter as bait. Faith slowly picked up the trick of balancing herself on two legs and leaping along. With more training in the snow, Faith was finally able to walk like a human being.
Always remember: Life often plays some cards contrary to what we wish for. But we can change our perspective to lift our life and shine.
Let's learn to be thankful for every day and live life to the fullest!